VOERMOL SS 200

Klas: Proteïenkonsentraat vir Herkouers

VOERMOL SS 200 is 'n afrondingskonsentraat vir die afronding van lammers, skape en bokke en vir uitgroei van jong diere.
Meng **Voermol SS 200** met mieliemeel of heel garspitte en ruvoer.

– Waar die kragvoermengsel en ruvoer *ad lib.*, maar afsonderlik gevoer word, maak van die "**VOERMOLSTELSEL**" gebruik.

Hierdie voedingstelsel het die volgende voordele:

- Diere pas maklik aan, aangesien hulle 'n hoë ruvoerrantsoen in die aanpassingsperiode (± 30 % ruvoer) verkies en al meer konsentraat vreet soos hulle aanpas. Dit gee uiteindelik 'n gemiddelde ruvoerinname van min of meer 15 % van die totale rantsoen, bereken oor die hele afrondingsperiode, wat uitstekende voeromset verseker;
- die maal of meng van ruvoer is onnodig en gevolglik word daar op maal- en mengkoste bespaar;
- die kragvoermengsel (200 kg **SS 200** + 800 kg grane) kan ook op volop droë veld gevoer word om diere af te rond wat die koste van 'n voerkraal en die baal van ruvoer bespaar.

Voermol SS 200 bevorder inname aangesien dit smaaklik gemaak is deur die byvoeging van melassestroop:

– bevat medikamente wat voeromset met tussen 10 – 15 % mag verbeter en dus die winsmarge verhoog;
– bevat 'n mengsel van hoë kwaliteit natuurlike proteïenbronne wat ideaal is vir die afronding van skape en uitgroei van jong diere;
– kan ook as kruipvoer aangewend word. Die hoë kwaliteit natuurlike proteïeninhoud plus medikamente is vir die jong dier tot groot voordeel;
– help ook om koksidiose by diere te beperk;
– bevat medikamente wat massatoename versnel en voeromset verbeter;
– bevat 'n anioonsout om blaassteenvorming te beperk;
– bevat die sewe belangrikste spoorelemente en Vitamien A om die prestasie van diere verder te verbeter.

Om doeltreffende voerbenutting te verseker, is dit noodsaaklik dat diere ingeënt en gedoseer word en dat 'n oorinplantaat (groeistimulant) gebruik word. Diere moet altyd stadig en geleidelik oor 'n 10 – 14 dae periode op die voerkraalrantsoen aangepas word. Addisionele ruvoer moet tydens die aanpassingsperiode *ad lib.* voorsien word. Begin met 100 g van die Voerkraalrantsoen per dier op die eerste dag en verhoog dit elke dag daarna met 100 g/dier.
Volg 'n inentings-program vir voerkraalsiektes soos deur 'n veearts voorgeskryf word.

Voermol SS 200 het ten doel om moeitevrye en koste-doeltreffende afronding van diere te verseker.

VOERMOL

SAMESTELLING VAN **VOERMOL SS 200** REG NR V8592 (Wet 36/1947)				
(g/kg)			(mg/kg)	
Ruproteïen*	(min)	330	Mangaan	160
Ureum	(maks)	60	Koper	30
Ruvesel	(maks)	100	Kobalt	3.5
Vog	(maks)	150	Yster	100
Kalsium	(maks)	37.7	Jodium	4
Fosfor	(min)	3	Sink	250
			Selenium	2
			Vitamien A (IE/kg)	25 000
*66.3 % afkomstig vanaf NPN			Bevat medikamente	

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

MENG- EN VOERINSTRUKSIES (kg)					
	Afronding		Kalfmeel		
	[1]Ligte lammers en vir kruip-voeding (a)	Swaarder lammers, skape en bokke (b)	Groei	Volledig	
				0 - 6 maande	7 - 15 maande
Voermol SS 200	150	200	200	200	200
Voermol Procon 33	150	50	100	100	50
Mieliemeel[2]	700	750	650	500	400
Lusernhooi	–	–	–	100	–
Hooi	*ad lib.*	*ad lib.*	–	100	350
Voermol Rumevite 12P	–	–	25	5	5
Totaal	1 000	1 000	975	1 005	1 005
SAMESTELLING (g/kg)					
Ruproteïen (min)	146	133	158	160	130
Ureum (maks)	9	12	13	12	12
Ruvesel (maks)	52	50	50	110	160
Kalsium (maks)	7.5	8.5	12.5	10.5	9.5
Fosfor (min)	3	3	6	3.8	3.4
% Proteïen vanaf NPN	32	42.5	28.2	27.1	33.4
Voerinstruksies	**Voermolstelsel**		met ruvoer	*ad lib.*	

[1] Ligte lammers weeg 25 kg en minder.

[2] Die vervanging van 80 kg graanmeel met 80 kg **Voermol Melassemeel** verbeter smaaklikheid en verhoog gevolglik voerinname en dus groeitempo.

VOERMOL

VOLLEDIGE VOERE VIR DIE AFRONDING VAN LAMMERS			
	Aanvangs (kg)	Groei (kg)	Afrond (kg)
Voermol SS 200	200	200	200
Voermol Procon 33	50	50	50
Mieliemeel	650	700	750
Lusern	250	180	120
Totaal	1 150	1 130	1 120
SAMESTELLING (g/kg)			
Ruproteïen (min)	150	146	143
Ruvesel (maks)	104	90	75
Vog (maks)	120	120	120
Kalsium (maks)	10	9	8.5
Fosfor (min)	3	3	3
% Proteïen vanaf NPN	24.8	26.5	27.5

Voer die aanvangsrantsoen vir 14 dae gevolg deur die groeirantsoen, totdat die lammers geslag word. Met goeie bestuur kan die lammers vir slegs 14 dae op die groeirantsoen gevoer word en daarna op die afrondrantsoen gevoer word tot slag.

Uitgegroeide lammers rond baie vinnig af en is dus maklik te vet met slag (A4 of vetter). Om die rede gebruik party krale nie die afrondrantsoen nie.

EEN MENGSEL

Om bestuur te vereenvoudig kan lammers met slegs een rantsoen afgerond word. Gebruik die Groei mengsel en voer *ad lib.* tot slag. Voer addisionele hooi apart vir die eerste sowat 14 dae van aanpassing.

ANDER GEBRUIKE VIR VOERMOL SS 200

KRUIPVOER

Voer Mengsel (a) *ad lib*. as kruipvoer aan lammers. Om inname te bevorder, kan 100 kg mieliemeel met 100 kg goeie kwaliteit fyngemaalde lusernmeel vervang word.

VOERMOL

STOETDIERE
Voer die onderstaande prikkelvoer aan stoetdiere teen 1 % tot 1.5 % van liggaamsmassa as aanvulling op weiding en/of saam met hooi.

PRIKKELVOER VIR TEELRAMME EN AANVULLING VIR VELDRAMME IN VELDRAMTOETS
Die volgende aanvulling kan met groot welslae gebruik word as ’n prikkelvoer vir teelramme vanaf twee tot drie maande voor paring om testisgroei en spermproduksie te bevorder. Dit sal ook die groei van ramme in ’n veldramtoets bevorder omdat dit weidingsinname stimuleer en die benutting daarvan verhoog. Weens die hoë deurvloeiproteïeninhoud bevorder dit spiergroei en verhoed oormatige vetneerlegging wat gewens is omdat kopers nie belangstel in oorvet-ramme nie.

200 kg	**Voermol SS 200**
150 kg	**Voermol Procon 33**
80 kg	**Voermol Melassemeel**
570 kg	Gemaalde mieliemeel of heel garspitte
1 000 kg	Totaal

Voer ramme daagliks 300 – 1000 g/ram met voldoende kripspasie sodat alle ramme gelyktydig kan vreet, plus hooi *ad lib*.

KALFMEEL
Sien Tabel vir meng- en voerinstruksies.
i) Voer die kalfgroeimeel volgens behoefte plus ruvoer *ad lib*.
ii) Voer die volledige kalfmeel *ad lib*. aan vervangingsverse in die onderskeie ouderdomsgroepe.

DIE MAAK VAN AFRONDKORRELS
Gebruik **Voermol SS 200** teen ’n insluiting van 20 %. Resepte is op aanvraag beskikbaar.

L.W. Voermol SS 200 bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie. Moet nie ongemeng gevoer word nie.

VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM
Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

– gebruik lekke volgens voorskrif;
– beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
– voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
– tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
– voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
– moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING
Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is ’n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer ’n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so ’n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg ’n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. ’n Konstante daaglikse voerinname voorkom vergiftiging.
- Voordat ’n NPN-bevattende lek gevoer word, moet ’n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING
Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.

VOERMOL